

# HOËRSKOOL STANDERTON

## TOELATINGSBELEID

### DOEL: BELEID VAN HOËRSKOOL STANDERTON RAKENDE DIE TOELATING VAN LEERDERS TOT DIE SKOOL OF TOT GRADE BY DIE SKOOL

#### MISSIE VAN SKOOL:

**Om deur 'n professionele, bekostigbare en doelgerigte onderrigstelsel die jeug van Standerton se gemeenskap op te voed en te onderrig in akademie, sport en kultuur en daardeur gebalanseerde, gedissiplineerde en selfstandige jongmense vir die gemeenskap te kweek.**

#### 1. AGTERGROND:

- 1.1 Hoërskool Standerton is 'n openbare skool met regspersoonlikheid kragtens die bepalings van artikels 15 en 52 van die Suid-Afrikaanse Skolewet nr 84 van 1996, soos gewysig ("die SASW"), saamgelees met die Wysigingswet op Onderwyswette, 24 van 2005, die beheer waarvan toevertrou is aan die beheerliggaam genoem in artikel 16 van die SASW.
- 1.2 Die beheerliggaam is kragtens die bepalings van artikel 5 van die SASW gemagtig om die skool se beleid rakende die toelating van leerders tot die skool en tot grade by die skool te bepaal, onderworpe aan die bepalings van die SASW. 'n Komitee word uit die Beheerliggaam hiervoor aangewys.
- 1.3 Die beheerliggaam neem deeglik kennis van die volgende statutêre bepalings wat verband hou met die toelating van leerders tot die skool of tot verskillende grade by die skool:
  - 1.3.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika vervat in Wet nr 108 van 1996 ("die Grondwet"), in die besonder artikel 28(2) wat as volg bepaal: "*n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak*";
  - 1.3.2 Artikels 3 (3), 3 (4) (i) en 5 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid nr 27 van 1996 ("die WNOB");
  - 1.3.3 Die toelatingsbeleid vir gewone openbare skole, gepubliseer deur die Minister van Opvoeding in Staatskoerant nr 19377 gedateer 19 Oktober 1998 (Kennisgewing nr 2432/98) ("die Ministeriële Beleid");
  - 1.3.4 Mpumalanga Department of Education – Admissions policy for ordinary public schools for 2002.
  - 1.3.5 Die ouderdomsvereistes vir toelating tot 'n gewone openbare skool, gepubliseer deur die minister van Opvoeding in Staatskoerant nr 19377 gedateer 19 Oktober 1998 (Kennisgewing nr 2433/98)
  - 1.3.6 Subartikels (4) tot (10) van die VSOW.
- 1.4 Die skool en sy beheerliggaam verwys na die tersaaklike gedeeltes van die bepalings tot die mate waartoe dit geldig en bindend op hulle is en voorrang mag geniet bo die beheerliggaam se bevoegdheid om die toelatingsbeleid van Hoërskool Standerton te bepaal, maar is vas van voorneme om die skool se toelatingsbeleid ten volle te implementeer binne die raamwerk van die bepalings en enige ander toepaslike bepalings wat van tyd tot tyd mag geld.
- 1.5 Die beheerliggaam verklaar hiermee dat Hoërskool Standerton se beleid vir die toelating van leerders tot die skool of tot die verskillende grade by die skool, die volgende is:

#### 2. AANSOEKE OM TOELATING TOT DIE SKOOL:

- 2.1 Totdat die Mpumalanga of Nasionale Onderwysdepartement 'n ander aansoekvorm mag voorskryf, moet alle aansoeke om toelating tot Hoërskool Standerton op die aansoekvorm, waarvan 'n voorbeeld hierby aangeheg word, en wat deur die skoolhoof aan voornemende ouers en/of voogde beskikbaar gestel moet word, gedoen word. Die aansoekvorms moet voldoen aan die vereistes soos deur die SASW voorgeskryf.
- 2.2 Alle aansoeke om toelating tot die skool moet namens die leerder deur sy/haar natuurlike ouer(s) of andersins wettige voog(de) of die persoon in wie se bewaring die leerder kragtens 'n hofbevel geplaas is, of 'n persoon deur eersgemelde persoon/persone skriftelik daartoe gemagtig, gedoen word. Aansoekvorms is jaarliks vanaf 1 September beskikbaar.

- 2.3 Die sluitingsdatum vir die inhandiging van voltooide aansoekvorms is as volg:
- Graad 8 leerlinge, wat vir die eerste keer by Hoërskool Standerton aansoek doen vir toelating – 30 September. Indien dit in die skoolvakansie val, op die eerste Vrydag van die vierde skoolkwartaal.
  - Grade 9 tot 12-aansoeke vir die aanvang van 'n nuwe skooljaar – verkieslik 30 September. Indien dit in die skoolvakansie val, op die eerste Vrydag van die vierde skoolkwartaal.
  - Alle grade deur die loop van 'n skooljaar – so spoedig moontlik nadat 'n leerling by sy/haar vorige skool gederegistreer is.
- 2.4 Die skoolhoof moet toesien dat die nodige bystand aan ouers verleen word om die aansoekvorm te voltooi, en ouers moet ingelig word dat dit 'n oortreding is om 'n vals verklaring te maak ten opsigte van enige inligting wat op die aansoekvorm verlang word.
- 2.5 Benewens die aansoekvorm moet die volgende dokumente en/of inligting aan die skoolhoof, as verteenwoordiger van die Mpumalanga Onderwysdepartement en van die beheerliggaam, voorsien word:
- 2.5.1 Leerderinligting:
- 2.5.1.1 'n Gewaarmerkte afskrifte van:
- 2.5.1.1.1 'n geboortesertifikaat.
- 2.5.1.1.2 'n identiteitsdokument (indien dit reeds aan die leerder uitgereik is)

❖ LET WEL!

- Indien die geboortesertifikaat en/of identiteitsdokument nie onmiddellik beskikbaar is nie, sal die leerder slegs voorwaardelik toegelaat word hangende die verkryging van 'n afskrif(te) daarvan vanaf die Departement van Binnelandse Sake. 'n Tydperk van sestig (60) kalenderdae word aan ouers en/of voogde gegun om uitstaande dokumente in te handig.
- 'n Nie-verkorte geboortesertifikaat word vereis waar 'n ouer of voog aansoek doen vir verligting of vir vrystelling van die betaling van skoolgeld. 'n Nie-verkorte geboortesertifikaat toon bo en behalwe die leerder se inligting, ook die ouers se persoonlike besonderhede. Dit neem soms maande om hierdie dokument van die Departement Binnelands Sake te bekom en dit sal raadsaam wees om vroegtydig daarvoor aansoek te doen.

2.5.1.2 Een resente kleur ID-foto.

2.5.1.3 'n Gewaarmerkte afskrif van enige hofbevel wat voogskap of wettige aanspraak op sorg bevestig.

2.5.1.4 Besonderhede van enige aanmeldbare siekte waaraan die leerder ly. (Sien bladsy **15** van die aansoekvorm)

2.5.1.5 'n Oorplasingcertifikaat indien 'n leerder, wat reeds 'n ingeskrewe leerder is by 'n hoërskool/sekondêre skool/gekombineerde skool in graad 8 tot 12, vanaf 'n ander skool oorgeplaas word. Indien sodanige sertifikaat nie beskikbaar is nie, mag die leerder tot Hoërskool Standerton toegelaat word en in 'n bepaalde graad geplaas word, op grond van die volgende dokumentasie:

2.5.1.5.1 die jongste skoolrapport van die vorige skool;

2.5.1.5.2 ander soortgelyke dokumentasie van die vorige skool;

2.5.1.5.3 'n beëdigde verklaring van die ouer/voog waarin die rede vir die nie-beskikbaarheid van 'n oorplasingcertifikaat en die graad waarin die leerder in die vorige skool was, vermeld word;

2.5.1.6 Besonderhede van enige ernstige oortreding waaraan die leerder skuldig bevind is deur 'n hof of die beheerliggaam van 'n vorige skool deur die leerder bygewoon. **(Sien bladsy ? van die aansoekvorm)**

2.5.1.7 Besonderhede van enige spesiale behoeftes wat die leerder mag hê ten einde sinvolle onderrig by die Skool te kan ontvang **(Sien bladsy ? van die aansoekvorm)**

2.5.1.8 Besonderhede van enige toestand of omstandighede waarvan die skool bewus moet wees ten einde die beste belang van die leerder en/of die ander leerders van die skool te verseker. **(Sien bladsy ? van die aansoekvorm)**

## 2.5.2 Ouerinligting:

- 2.5.2.1 Gewaarmerkte afskrifte van die identiteitsdokumente van die ouer(s) en/of wettige voog(de) en/of die persoon by wie die leerder in sorg sal wees en wat namens 'n leerder vir toelating aansoek doen. Indien die identiteitsdokumente nie saam met die aansoek ingehandig word nie, sal die leerder slegs voorwaardelik toegelaat word hangende die verkryging van afskrif(te) daarvan vanaf die Departement Binnelandse Sake. 'n Tydperk van sestig (60) kalenderdae word aan ouers en/of voogde gegun om uitstaande dokumente by die skool in te handig.
- 2.5.2.2 'n Gewaarmerkte afskrif van die mees resente munisipale rekening van die ouer(s) en/of voog(de) wat vir toelating aansoek doen namens 'n leerder.
- 2.5.2.3 'n Gewaarmerkte afskrif van 'n werkgewersertifikaat van die ouer(s) en/of voog(de) van die leerder vir wie daar vir toelating aansoek gedoen word.
- 2.5.2.4 In die geval waar 'n enkelouer aansoek doen vir toelating van sy/haar kind tot die skool, moet die ouer bewys verskaf vir die rede waarom hy/sy as enkelouer optree, deur die indien van:
  - 'n doodsertifikaat.
  - 'n amptelike bewys dat die ander ouer onopspoorbaar is.

## 3. TOELATING VAN NIE-SUID AFRIKAANSE BURGERS:

- 3.1 Die SASW en hierdie beleid is ook van toepassing op leerders wat nie burgers van die Republiek van Suid-Afrika is nie en wie se ouers in besit is van 'n tydelike of permanente verblyfpermit uitgereik deur die Departement Binnelandse Sake.
- 3.2 'n Leerder wat kragtens 'n studiepermit in die land is moet die studiepermit voorlê tydens sy/haar aansoek om toelating tot die skool.
- 3.3 Persone geklassifiseer as onwettige vreemdelinge moet, wanneer hulle aansoek doen om toelating van hul kind of kinders tot die skool, bewys lewer dat hulle aansoek gedoen het by die Departement Binnelandse Sake om hulle verblyf in die land te wettig ingevolge die Wet op Vreemdelinge-Beheer nr 96 van 1991.

## 4. PROSEDURE WAT GEVOLG WORD EN FAKTORE WAT IN AANMERKING GENEEM WORD BY TOELATING:

- 4.1 Indien 'n leerder vir wie aansoek gedoen word vir toelating, ouer is as die gemiddelde ouderdom van die graadgroep, sal die skoolhoof en die Beheerliggaam besluit of die leerling tot die betrokke graadgroep toegelaat kan word. Hier sal in gedagte gehou word waarom die betrokke leerder ten opsigte van akademie agter geraak het by sy ouderdomsgroep. Die maksimum ouderdom van 'n leerder aan die einde van 'n betrokke graad is as volg:
  - Graad 8: **16** jaar.
  - Graad 9: **17** jaar.
  - Graad 10: **18** jaar.
  - Graad 11: **19** jaar.
  - Graad 12: **20** jaar.

4.2 Hoërskool Standerton se taalmedium van onderrig is tans as volg:

- 4.2.1 Grade 8 en 9: Parallelmedium
- 4.2.2 Grade 10 tot 12: Dubbelmedium

Geen leerder wat aansoek doen vir toelating, en wie se aansoek vir toelating in 'n spesifieke taalmedium onsuksesvol is, sal toegelaat word om sy/haar taalmedium te wysig, om sodoende toelating te kry nie.

Bogenoemde bepaling is onderworpe aan die gesonde bestuur van die skool se personeel en hulpbronne, en bepaal dat die skoolstruktuur in 2012 vir die volgende voorsiening maak:

- Grade 8 en 9: Vier (4) klasse met Afrikaans as medium van onderrig.  
Twee (2) klasse met Engels as medium van onderrig.
- Graad 10: Twee (2) klasse vir Engels op huistaalvlak en Afrikaans op eerste

addisionele taalvlak.

- Grade 11 en 12: Een (1) klas vir Engels op huistaalvlak en Afrikaans op eerste addisionele taalvlak.

NB! Ter wille van effektiewe onderrig bestaan die beginsel dat die getal leerders per klas nie 35 sal oorskry nie.

4.3 Hoërskool Standerton kan nie alle leerders wat aansoek doen vir toelating tot grade 8 en 9 met Engels as medium van onderrig, akkommodeer nie. Verder kan die skool ook nie alle leerders wat aansoek doen vir toelating tot grade 10 tot 12 en wat verkies om Engels op huistaalvlak te neem, akkommodeer nie. Derhalwe, in die lig van bogenoemde, is dit Hoërskool Standerton se beleid om die volgende kriteria met betrekking tot aansoeke vir toelating tot die skool toe te pas:

4.3.1 EERSTENS, leerders wat binne die Skool se natuurlike voedingsgebied woonagtig is en wat Afrikaanssprekend is.

4.3.2 TWEEDENS, leerders wat binne die Skool se natuurlike voedingsgebied woonagtig is en wat Engelssprekend is. Aangesien die getal Engels-sprekende leerders vir wie daar veral vir graad 8 aansoek gedoen word, die getal wat geakkommodeer kan word by verre oorskry, sal die volgende kriteria by die hantering van aansoeke vir Engelssprekende leerders tot graad 8 in aanmerking geneem word:

4.3.2.1 TOELATING VAN LEERDERS MET ENGELS OP HUISTAALVLAK TOT GRAAD 8:

1. TAAL GELETTERDHEID EN KOMMUNIKASIE:

'n Engelssprekende leerder moet by die skool waarvandaan hy/sy kom:

- Engels op huistaalvlak geneem en geslaag het.
- Afrikaans op eerste addisionele taalvlak geneem en geslaag het.
- Met sterk motivering en met redes, kan die aansoek van 'n leerder vir toelating, maar wat Afrikaans op huistaalvlak en Engels op eerste addisionele taalvlak in die vorige graad geneem het, deur die skoolhoof en die bestuurspan van die skool oorweeg word, mits die aansoek op grade 8 en 9 van toepassing is. Leerders met Afrikaans op huistaalvlak in die vorige graad, sal nie tot Engels op huistaalvlak in grade 10, 11 en 12 toegelaat word nie.

2. AKADEMIESE PRESTASIE:

Direk na die sluitingsdatum vir aansoeke word Engelssprekende leerders wat aansoek gedoen het se gemiddelde akademiese persentasie in die volgende 3 vakke/leerareas bereken:

- Afrikaans (Eerste addisionele taal)
- Engels (Huistaal)
- Wiskundige Geletterdheid

Die leerders word dan op grond van hierdie gemiddeldes in 'n rangorde geplaas en die 60 beste presteerders word toegelaat.

3. DRUIPELINGE:

Vyf (5) plekke word oopgehou vir moontlike druipele in die bestaande graad 8-groep met Engels as onderrigtaal. Indien dit aan die einde van die akademiese jaar blyk dat daar, byvoorbeeld, net twee (2) druipele in die graad 8-klas vir Engelssprekende leerders is, word die drie (3) leerders bo-aan die waglys se ouer(s) en/of voog(de) skriftelik en telefonies in kennis gestel dat hul aansoek vir toelating dan wel suksesvol is.

4. BUITEMUURSE PRESTASIE:

Die ander vyf (5) plekke word uitgehou vir aansoekers wat op grond van akademiese prestasie onsuksesvol is, maar waar die leerder vir wie aansoek gedoen word vir toelating, gedurende sy/haar laerskoolloopbaan besondere prestasie getoon het ten

opsigte van 'n buitemuurse aktiwiteit(e) wat by Hoërskool Standerton aangebied word. Indien die getal aansoekers wat volgens hierdie kriterium geplaas word, minder as vyf (5) is, sal die getal van sestig (60), soos in punt 3 hierbo genoem, dienoreenkomstig verhoog word.

5. Suksesvolle leerders se ouers(s) en/of voog(de) word skriftelik dienoreenkomstig ingelig.
6. Die ouer(s) en voog(de) van onsuksesvolle aansoekers word skriftelik in kennis gestel dat die aansoek vir die toelating van hul kind onsuksesvol was en dat hierdie onsuksesvolle aansoekers, steeds op grond van die akademiese rangorde soos hierbo beskryf, op 'n waglys geplaas is.

#### 4.3.2.2 TOELATING VAN LEERDERS MET ENGELS OP HUISTAALVLAK GRADE 9 TOT 12:

In die geval waar daar aansoek gedoen word vir toelating van 'n leerder tot grade 9 tot 12 word die volgende kriterium gebruik by die evaluering van aansoeke:

1. **TAAL:**  
'n Engelssprekende leerder moet by die skool waarvandaan hy/sy kom:
  - Engels op huistaalvlak geneem en geslaag het.
  - Afrikaans op eerste addisionele taalvlak geneem en geslaag het.

#### 4.3.2.3 TOELATING VAN LEERDERS TOT GRADE 10, 11 EN 12:

1. **VAKKEUSE:**

Geen aansoek vir toelating sal hanteer word nie, indien die vakke wat die leerder by sy/haar vorige skool geneem het, nie inpas op die reeds bestaande rooster van Hoërskool Standerton nie.

'n Verandering van vakke na die eerste kwartaal van graad 11 om punt 1 hierbo te omseil, is ontoelaatbaar. Die verandering van Wiskunde na Wiskundige Geletterdheid is van hierdie klousule uitgesluit.

2. **BEPERKING OP DIE TOELATING VAN 'N LEERDER TOT GRAAD 12:**

Geen graad 12-leerder sal na 31 Januarie van die betrokke akademiese jaar toegelaat word nie.

## 5. **REG VAN APPÉL:**

Enige leerder of die ouer/voog van enige leerder wie se aansoek vir toelating tot enige skool onsuksesvol is, mag appelleer na die departementshoof vir onderwys in Mpumalanga in terme van artikel 5(9) van die SASW.

## 6. **LEERDERS MET SPESIALE ONDERWYSBEHOEFTE:**

- 6.1 Leerders met spesiale onderwysbehoefte sal tot die Skool toegelaat word mits dit prakties uitvoerbaar is met verwysing na die skool se fasiliteite en dit ook in die beste belang van die betrokke leerder asook ander leerders van die skool is.
- 6.2 Waar die nodige fasiliteite om in die behoeftes van die betrokke leerder te voorsien nie beskikbaar is nie, moet die skoolhoof die aansoek na die Hoof van die Onderwysdepartement verwys ten einde die leerder tot 'n geskikte openbare skool toe te laat.

## 7. **TOELATINGSREGISTER EN WAGLYS:**

- 7.1 Die skoolhoof moet toesien dat 'n toelatingsregister bygehou word waarin alle toelatings van leerders tot Hoërskool Standerton aangeteken word. Die register moet die naam, geboortedatum, ouderdom, identiteitsnommer en adres van die leerder sowel as die name, adresse en telefoonnummers (indien van toepassing) van die leerder se ouer(s) en/of voog(de), soos gedefinieer in die SASW, bevat.

- 7.2 Inskrywings in die toelatingsregister moet gekontroleer word teen die geboortesertifikaat of identiteitsdokument van die leerder.
- 7.3 Amptenare van die Mpumalanga Onderwysdepartement het op versoek insae in die toelatingsregister.
- 7.4 Die skoolhoof moet 'n waglys byhou waarin alle aansoeke wat nie goedgekeur is nie, aangedui word. Die waglys moet die inligting, soos weerspieël in die "Toelatingsregister" en die REDE vir 'wegwysing' aandui.

## **8. REGTE EN VERPLIGTINGE VAN OUERS:**

- 8.1 Die ouer(s)/voog(de) moet deur middel van hierdie beleid kennis neem dat verpligte skoolgelde by die skool betaalbaar is. Die begroting, soos opgestel deur die beheerliggaam, en die skoolgeld wat in die volgende skooljaar betaalbaar is, is op 'n wettig gekonstitueerde ouervergadering goedgekeur.
- 8.2 Die ouer(s)/voog(de) moet verder kennis neem dat die bogemelde ouervergadering ook maatstawwe en prosedures goedgekeur het vir vrystelling of verligting van die betaling van skoolgelde deur ouers wat nie finansiël in staat is om die skoolgelde ten volle te betaal nie. Ouer(s)/voog(de) moet daarop let dat die gesamentlike bruto inkomste van almal wat binne die omskrywing van "ouer" in SASW val, by die oorweging van kwytstelling in ag geneem moet word. Verdere besonderhede van gemelde maatstawwe en prosedures, asook die nodige aansoekvorm, is by die skool beskikbaar.
- 8.3 Afskrifte van die skool se gedragskode vir leerders is vervat in die aansoekvorm
- 8.4 Hierdie beleid is op aanvraag by die skool beskikbaar, en die ouer(s) moet deur middel van hierdie beleidskrifte daarop gewys word dat elke leerder onderworpe is aan die gedragskode ongeag of hy/sy of die ouer(s) dit onderskryf, kragtens artikel 8(4) van die SASW en artikel 32(3) van die VSOW. **Ouers se aandag word daarop gevestig dat die gedragskode ook 'n "Kode van Regte en Pligte" bevat, waarin al die belanghebbendes van die skool se regte en pligte uiteengesit word. ????????**

## **9. DIE BEHEERLIGGAAM EN DIE LEERDERS VAN DIE SKOOL:**

- 9.1 Alle leerders is geregtig op die uitoefening van hul regte en onderworpe aan die nakoming van hul pligte soos uiteengesit in die skool se kode van regte en pligte, as deel van die gedragskode vir leerders.
- 9.2 Die beheerliggaam beskou dit as sy plig om die opvoeders, leerders, ouers en nie-opvoeder personeel van die skool teen fisiese en geestelike geweld te beskerm met die volle magte tot sy beskikking, en om die fisiese, geestelike en morele welstand van leerders te ontwikkel. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, behou die beheerliggaam die reg voor om:
  - 9.2.1 die dissiplinêre rekord van enige voornemende leerder van Hoërskool Standerton te bestudeer en om alle stappe binne sy bevoegdhede te neem om die toelating tot die skool van 'n leerder wie se optrede of gedrag die bogemelde belange mag bedreig, te voorkom.
  - 9.2.2 teenstand te bied teen en die wysheid te bevraagteken van die plasing van 'n leerder in Hoërskool Standerton in 'n bepaalde graad indien die leerder ernstig benadeel sal word weens sy/haar onvermoë om sinvol te kommunikeer of mee gekommunikeer te word, op die vlak wat nodig is vir behoorlike onderrig in die betrokke graad.
  - 9.2.3 sodanige maatreëls as wat prakties moontlik is te tref, in ag genome die bepaalde omstandighede by Hoërskool Standerton, om 'n gestremde voornemende leerder tot die skool toe te laat.
  - 9.2.4 van enige lid van die personeel, leerder of ouer te verwag om enige miskennings van daardie regte en belange wat die beheerliggaam poog om te beskerm, aan die beheerliggaam te rapporteer.

## **10 DIE OUERS EN DIE SKOOL / BEHEERLIGGAAM:**

- 10.1 Die ouer(s)/voog(de) van die leerder word versoek om die aangehegte toestemming te onderteken, waardeur die personeel van die skool gemagtig word om in enige noodgeval in die beste belang van die leerder op te tree of om die leerder se pyn of onge-

rief te verlig, totdat die ouer(s)/voog(de) kan oorneem. **(Sien bladsy ? van die aansoekvorm)**

- 10.2 Die ouers van leerders van die skool beskik oor verskeie regte, en word in hierdie verband verwys na die kode van regte en pligte synde deel van die gedragskode vir leerders. Onder andere het hulle die reg om geraadpleeg te word in die formulering van die skool se taal- en godsdiensbeleid en gedragskode, of enige wysiging daarvan.
- 10.3 Ouers word aangemoedig om betrokke te raak by al die werksaamhede van die skool, om leerders by te staan met hul huiswerk en om toe te sien dat hul kind behoorlik toegerus is om ten volle in die leerproses te kan deelneem en om die skool stiptelik en gereeld by te woon.

## **11 WYSIGING VAN BELEID:**

Hierdie beleid moet jaarliks, voor die einde van Meimaand, deur die beheerliggaam hersien en indien nodig aangepas word.

**AANVAAR** deur die **BEHEERLIGGAAM** op 26 Mei 2011

---

VOORSITTER

---

SKOOLHOOF

---

SEKRETARIS